

Sing vooraf staande: Psalm 72:1, 11 (p. 360)

- 1 Gee aan die Koning, HEER, u regte / en u geregtigheid
aan Koningskind, dat Hy u knegte / kan rig met wys beleid.
Dan vind u volk weer 'n beskermmer, / een wat hul saak besleg,
ellendiges weer 'n ontfermer / wat oordeel volgens reg.

- 11 Sy Naam, bo alle naam verhewe, / sy uit eerbiedenis
die volle roem en eer gegewe / so lank daar wêreld is!
En laat so ver die sonlig bewe, / so ver die sonpyl skiet,
sy heerlikheid die aarde oorswewe! / En "Amen" sê my lied!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 89:1, 3 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die ewige guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.

- 3 Die hemel loof, o HEER, u wonderbare mag; / die eng'le prys u trou en waarheid dag en nag.
Want in die hemel is daar niemand U gelyk nie; / geen seraf wat voor U die vleuel nie moet stryk nie.
U's groteliks gedug en eind'loos in vermoë, / u onverbreekb're trou omring U voor hul oë.

Gebed

Psalm 2:1, 6 (p. 5)

- 1 Wat dring en dryf die wilde heidendom, / dat volke raas in opgewondenheid?
Gedugte konings staan gereed alom, / en wêreldgrootes raadslaag vir die stryd,
om God almagtig na die kroon te steek / en saam teen sy Gesalfde op te staan.
Hul sê: "Kom nou, laat ons hul bande breek / en van hul juk vir altyd ons ontslaan!"

- 7 Kom, dien die Heer en wees in Hom verblyd / met blydskap wat Hom huldig as die Heer,
en kus die Seun in onderworpenheid, / buig jul voor Hom met vrees en bewing neer.
Want lig'lik kan Gods gramskap jul verteer / net soos 'n vuur, eers alte klein geag.
Welsalig wie Hom huldig as hul Heer, / wie by Hom skuil en op sy bystand wag.

Skriflesing: Matteus 16:13-20; Kolossense 1:15-20;

Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 10

Kernvers: Matteus 16:16; Kolossense 1:19-20

Simon Petrus het geantwoord: "U is die Christus, die Seun van die lewende God." (Matteus 16:16 AFR83)

God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon en om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen. (Kolossense 1-19-20 AFR83)

Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel 10 – Die Godheid van Jesus Christus

Ons glo dat Jesus Christus ten opsigte van sy Goddelike natuur die eniggebore Seun van God is. Hy is van ewigheid af gebore; Hy is nie gemaak nie en nie geskep nie, want dan sou Hy 'n skepsel wees; Hy is een wese met die Vader, ewig saam met Hom, die ewe-beeld van die Persoon van die Vader en die afskynsel van sy heerlikheid (Heb 1:3) en in alles aan Hom gelyk (Fil 2:6). Hy is van

ewigheid af die Seun van God en nie slegs sedert Hy ons natuur aangeneem het nie; so leer die volgende getuïenisse ons as hulle met mekaar vergelyk word: Moses sê dat God die wêreld geskep het, en die heilige Johannes sê dat alle dinge ontstaan het deur die Woord, wat hy God noem (Gen 1:1 en Joh 1:3). Die apostel sê dat God die wêreld deur sy Seun gemaak het en ook dat God alle dinge deur Jesus Christus geskep het (Heb 1:2 en Kol 1:16). So moet Hy wat God, die Woord, die Seun en Jesus Christus genoem word, dus reeds bestaan het toe alles deur Hom geskep is. En daarom sê die profeet Miga: 'Sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid' (Miga 5:1), en sê die apostel: 'Hy is sonder begin van dae of lewenseinde' (Heb 7:3). Hy is dus die ware, ewige God, die Almagtige, wat ons aanroep, aanbid en dien.

Joh 1:18, 34 en 49; 1:14; Kol 1:15; Heb 1:3; Matt 3:17; 17:5; Joh 8:24; 10:30; 9:36; Hand 8:34; Jes 7:14; Rom 9:5; 1 Tess 3:11; Fil 2:11; 2 Kor 5:19; Hand 20; Efes 3:9; Rom 14; Tit 2; 1 Kor 8:6; Heb 1:1; 3:4; Joh 1:3; 1 Joh 5:7, 14, 20; Open 1-6; Joh 8:58; 17:5; 1 Kor 10:9; Gal 4:4; Miga 5:2; Kol 1:15; Ps 2:7, 12; Heb 13:8

Tema: Jesus Christus is ter wille van jou saligheid inderdaad God

Geliefdes, toe ons verlede Sondag by Artikel 8 en 9 van ons Nederlandse Geloofs-belydenis stilgestaan het, het ons gehoor van die stryd oor wie Jesus Christus werklik is. Hierdie stryd oor wie Jesus werklik is, het begin van die oomblik af dat Jesus met sy openbare optrede as die Messias begin het. Omdat die ware gelowiges geglo het dat Jesus die Seun van God is, het hulle dit ook in hulle belydenis opgeneem. Alhoewel die vroeë kerk hierdie saak in die belydenisse opgeneem het, het die stryd oor wie Jesus is, nie opgehou nie. Daarom is daar weer tydens die Hervorming in al drie ons Formuliere van Eenheid die belydenis oor wie Jesus is, geformuleer. In die woorde van Artikel 8 bely ons:

Ons glo volgens hierdie waarheid en hierdie Woord van God in 'n enige God, een enige Wese, in wie drie Persone is, naamlik die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

Vanaand gaan ons aan die hand van Artikel 10 luister wat God self aangaande Jesus se identiteit aan ons openbaar.

Voordat ons verder gaan, net eers een kort opmerking aangaande die eerste sin van Artikel 10. Daar bely ons: ***Ons glo dat Jesus Christus ten opsigte van sy Goddelike natuur die eniggebore Seun van God is.*** Jesus Christus het twee nature – 'n Goddelike en 'n menslike natuur. Dit beteken dat Jesus Christus tegelykertyd ware God en ware, regverdige mens is. Oor die twee nature van Christus sal ons by Artikel 19 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis in meer diepte gesels. Maar juis die feit dat Jesus Christus 'n ware, egte mens is wat in 'n bepaalde tyd en kultuur op die aarde geleef het, was daar en is daar vandag steeds mense wat weier om te erken dat Jesus Christus ook God is. Hulle beskou Hom net as 'n mens en hoogstens 'n baie goeie, voorbeeldige mens.

Die kerk egter bely dat Jesus Christus waarlik die Seun van God is en daarom ook God self. Die belydenis oor Jesus Christus se Godheid is nie maar net 'n klomp woorde omdat die kerk daarvan hou om te praat nie. Daarmee sê ons dat dit uiters belangrik vir die kerk is om te sê wie Jesus is. En dit is nie maar net belangrik omdat ons dink dit is belangrik nie. Dit is belangrik omdat Jesus self wil hê dat ons moet sê wie Hy is.

In hoofstuk 16 van die evangelie volgens Matteus hoor ons dat Jesus en sy dissipels eenkant toe gegaan het na Sesarea-Filippi toe. Van nou af het Jesus hoofsaaklik die dissipels en nie meer so baie die groot menigte mense onderrig nie. Dit was gedurende hierdie tyd van afsondering in Sesarea-Filippi dat Jesus die onderskeid tussen die ander mense en sy dissipels op die spits dryf. Daarom begin Hy om vir sy dissipels te vra:

Wie sê die mense, is die Seun van die mens? (Matteus 16:13 AFR83).

Met die Naam *Seun van die mens* verwys Jesus na Homself. Hy is die Seun van die mens en dit is die Naam van die Messias soos die Jode dit in die boek Daniël al leer ken het. Juis omdat Jesus so eg mens is en Homself tussen mense tuisgemaak het, wil Hy hoor of die ander mense al uit sy

woorde en werke kon aflei wie Hy regtig is.

Uit die antwoord van die dissipels is dit duidelik dat die ander mense nie regtig weet wie Jesus is nie. Die mense het verskillende opinies oor Hom. Sommige sê Hy is Johannes die Doper, miskien na aanleiding van Herodes se vrese. Herodes het Johannes die Doper gevange gehou omdat hy vir Herodes oor sy huwelik met sy broer se vrou vermaan het. Op aandrang van sy vrou het Herodes toe vir Johannes onthoof. En toe Herodes later hoor van Jesus en wat Jesus alles preek en doen, het Herodes gedink Jesus is Johannes die Doper wat uit die dood uit opgestaan het.

Party ander het weer gesê dat Jesus Elia is, omdat God in die laaste boek van die Ou Testament beloof dat Hy Elia na sy volk sal stuur voordat die dag van die Here aanbreek. Dan was daar ook diegene wat gesê het Jesus is Jeremia of een van die ander profete. Broers, susters en kinders, uit hierdie antwoord van die dissipels kan ons aflei dat die meeste mense gedink het dat Jesus net 'n gewone mens is soos een van die profete wat al deur God na sy volk gestuur is. Hulle het nie regtig begryp dat Jesus die Seun van God is nie.

Maar vir die kerk en die dissipels is dit nie genoeg om maar net kennis te neem van wat ander mense oor Jesus te sê het nie. As die kerk maar stil bly en nooit bely wie Jesus regtig is nie, het die kerk eintlik nie reg om te bestaan nie. As die kerk nie bely nie, laat hulle maar toe dat elke janrap en sy maat hulle monde rek oor Jesus die Here en Verlosser van die kerk. Dan laat die kerk maar toe dat daar 'n dwaalleer oor Jesus versprei word. Daarom dring Jesus by sy dissipels daarop aan:

Maar julle, wie sê, julle, is Ek? (Matteus 16:15 AFR83)

Die Nuwe-Testamentiese kerk wat by die intieme kring dissipels van Jesus begin het, moet hulle ware kleure wys.

Dan is dit Petrus, die haastige Petrus, wat namens al elf die ander sê:

U is die Christus, die Seun van die lewende God (Matteus 16:16 AFR83).

Jesus is die Christus, die Messias wat deur God lank reeds belowe is. Jesus is die Gesalfde van God, want dit is wat *Messias* en *Christus* beteken. Jesus is nie maar net 'n gewone mens nie. Hy nie maar een van die baie profete wat deur God gestuur is nie. Jesus is die Seun van die lewende God. Hy is die enigste Seun van God.

Op hierdie belydenis antwoord Jesus dan deur te sê dat Petrus hierdie begrip van wie Jesus is nie self uitgedink het of by 'n ander mens gehoor het nie, maar die Vader van Jesus het dit deur die werk van die Heilige Gees aan Petrus bekend gemaak. Hierdie belydenis wat Petrus uitgespreek het is so belangrik dat Jesus verder beklemtoon:

op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie (Matteus 16:18 AFR83).

Daarmee leer die Heilige Gees ons: Die kerk moet bely wie Jesus is, en as die kerk bely dat Jesus die Christus is, die Seun van die lewende God, staan sy op die rots waarop Jesus haar bou. En die belofte dat sy nie deur die Satan en sy magte uit die doderyk oorweldig sal word nie, geld ook vir haar vandag.

Maar nadat Petrus en die ander dissipels bely het wie Jesus is, moes die kerk nie maar net stilbly nie. Die mense tydens Jesus se lewe op aarde was nie die enigstes wat Hom net as 'n gewone mens beskou het nie. Hierdie selfde dwaling dat Jesus maar net 'n gewone mens is en daarom ook nie so belangrik is nie, het ook in die kerk in Kolosse kop uitgesteek. Hierdie kerk het begin dink dat Jesus maar een van baie paaie is wat na die hemel toe lei. Daarom is Hy nie so belangrik nie.

Om hierdie dwaling uit die kerk van die Here te weer het die Heilige Gees vir Paulus die lied ingegee wat hier in Kolossense 1 opgeteken is. Hierdie lied bestaan uit twee dele. In vers 15 tot 17 word dit

duidelik dat die Seun van God reeds voor die skepping daar was en saam met God die Vader geskep het. En in vers 18 tot 20 word dit duidelik dat die Seun van God ook aktief meegewerk het om God met die gevalle mensdom te versoen deur sy kruisoffer.

Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het, sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem. God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon en om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen. (Kolossense 1:18-20 AFR83)

Hoekom is Jesus belangrik vir die kerk? Paulus sê Hy het die kerk verlos van haar sondeskuld deurdat Hy aan die kruis die skuld met sy kosbare bloed betaal het. En Jesus het ten volle vir die skuld betaal, want Hy het ook uit die dood uit opgestaan om aan die kerk die versekering te gee dat ons hemelse Vader sy (Jesus se) betaling van al ons skuld aanvaar het. Hoe kon Jesus die kerk verlos en die skuld betaal? Hy kon dit doen omdat God met sy volle wese in Hom woon.

Met hierdie woorde leer die Here ons in watter mate Jesus en God dieselfde is. Die wese van God en die wese van Jesus Christus is een en dieselfde ewige Goddelike Wese. Jesus Christus is God soos sy Vader in die hemel God is. Daarom kán Hy die dinge doen wat ons weet God alleen kan doen. Hy kán mense hulle sondes vergewe. Hy kán dooie mense weer lewendig maak. Hy kán vir die skuld van mense betaal en weer uit die dood uit opstaan, want as Seun van God kán Hy die skuld ten volle betaal en met sy bloed die mense se sondes voor die oë van sy Vader wegneem.

Die Heilige Gees leer ons met hierdie lied: As Jesus Christus nie werklik die Seun van God is nie en daarom ook nie self God is nie, het die kerk geen waarborg en versekering dat hulle van hulle sondeskuld verlos is nie. Daar is egter geen mens wat werklik sy lewe vir ons sou afgelê het om ons skuld by God te betaal nie. Jesus sê dit immers self. En buitendien, watter mens is by magte om sy skuld en ander mense skuld te betaal en daarna nog te bly lewe. Niemand nie, behalwe die mens Jesus Christus, die Seun van die lewende God. Net Jesus is 'n regverdige mens. Dit wil sê, net Hy is waarlik sonder sonde. En net Hy is ook tegelykertyd ware God, want net God kan God se toorn en vloek teen die sonde dra. Omdat Jesus Christus waarlik die ewige Seun van God is, kan ons verseker weet dat Hy regtig al ons skuld ten volle by God betaal het.

Ondanks hierdie heldere en duidelike woorde van ons Here en alhoewel die Heilige Gees hierdie waarheid aangaande Jesus in die hart van die kerk bevestig het en steeds bevestig, het die dwalings oor wie Jesus is, nog nooit opgehou nie. Deur die eeue heen het daar kort-kort iemand na vore getree wat gesê het dat Jesus nie werklik God is nie. Die name van die mense wat deur die eeue verkondig het dat Jesus net 'n mens is of net 'n profeet is, noem ons in Artikel 9 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis.

Dit is as gevolg van hierdie selfde dwaling oor Jesus wat so kort-kort in die geskiedenis verkondig is dat ons in verskeie belydenisse bely dat Jesus waarlik God is en dat Hy van ewigheid saam met die Vader en die Heilige Gees God is, want Hulle al drie is een in Wese. In al drie ons algemene belydenisse sê ons duidelik dat Jesus die eniggebore Seun van God is. En dan bely ons gereformeerdes dit ook nog in die besonder hier in ons Nederlandse Geloofsbelydenis en in ons Heidelbergse Kategismus asook in die tweede hoofstuk van ons Dordtse Leerreëls.

Aangesien ons dan op so baie verskillende wyses bely dat Jesus inderdaad die Seun van God is en daarom ook self God is, is dit dan nodig dat ons nog daarvoor bepreek moet word? Inderdaad, geliefdes, ons moet aanhoudend hoor hoekom ons bely dat Jesus waarlik God is, want die dwalings dat Jesus maar net 'n gewone mens is, het beslis nog nooit uitgesterf nie. Die Jode en Moslems verkondig vandag nog steeds dat Jesus net 'n gewone mens is. Miskien word Hy by die Moslems selfs

hoër geag as by die Jode, want in die Koran word Hy 'n profeet genoem, terwyl die Jode geen rekening eers met Hom hou nie.

Nou kan iemand sê: Ja, maar ons hou onself skaars by die Jode en Moslems en ons steur ons nie aan hulle godsdienste nie. Is dit dan nog steeds nodig dat ons oor hierdie waarheid onderrig moet ontvang?

Geliefde gemeente, die mense wat die dwaalleer verkondig dat Jesus maar net 'n gewone mens is, is vandag, net soos in die kerk in Kolosse, nie vreemdes nie. Hulle is mense wat by die breë publiek as goeie mense beskou word. Nie net goeie mense nie, hulle word selfs as Christene beskou, want hulle is professore aan teologiese skole, predikante en ouderlinge in Afrikaanse kerke. In die vroeë jare van hierdie eeu was daar twee manne wat aan die voorpunt van hierdie dwaalleer in Suid-Afrika gestaan het – 'n sekere prof Piet Muller en prof Hansie Wolmarans, 'n professor in Grieks en destyds nog predikant in 'n Nederduitsch Hervormde Kerk in Johannesburg.

Hierdie twee manne het die sogenaamde “nuwe hervorming” gepropageer. Vir ons gereformeerdes klink die woorde heel mooi, want ons gereformeerdes bely dat ons voortdurend aan die hervorm is, anders is ons nie 'n gereformeerde kerk nie. Maar dit is net hier waar daar 'n strik vir gelowiges gestel word. Dwaalleraars gebruik altyd woorde wat aan ons goed bekend is, maar aan die woorde gee hulle 'n ander betekenis wat vreemd vir ons is. En wat nog meer is, die mense wat die nuwe hervorming propageer, doen ook ywerig navorsing oor Jesus en hulle praat graag oor Jesus. Hieroor moet ons net so versigtig wees. Die Jesus van wie hierdie mense praat, is beslis nie die Jesus wat ons in die Bybel leer ken nie.

Die nuwe hervorming in Suid-Afrika is 'n uitvloeisel van dinge wat in die VSA gebeur het. In die VSA het 'n sekere man met die naam Funk die Jesus-seminaar gestig. Hierdie Jesus-seminaar doen navorsing oor Jesus die mens. In hulle navorsing het hulle tot die gevolgtrekking gekom dat Jesus net 'n doodgewone aardse mens was. Daarom, en hulle sê dit reguit, was Jesus nie Goddelik nie. Dat Jesus as Regter en Verlosser op die wolke sal kom om die kinders van God finaal te verlos en die goddelose te oordeel, is na hulle mening 'n mite. Die geboorte van Jesus uit 'n maagd is 'n belediging vir die moderne intelligensie en dit beledig ook vrouens. En nog een leerstuk van hulle: Dat God sy Seun laat kruisig het as straf op ons sonde, is strydig met die gesonde verstand en nie eties aanvaarbaar nie.

Prof Piet Muller het in *Beeld* in Januarie 2002 gesê dat hy hom, wat die Bybel betref, tuis voel by die mense van die Jesus-seminaar. Daarom voorspel hy dat die nuwe hervorming gaan wegbreek van die primitiewe Bybelse voorstelling van 'n Skepper. En dit gaan wegbreek van die Bybelse simbool van Jesus se soenoffer aan die kruis. Prof Wolmarans het in *Beeld* van April van dieselfde jaar gesê dat die tyd aangebreek het om 'n nuwe beeld van God te kry.

Geliefdes, dit het al meer en meer duidelik word dat hierdie nuwe hervorming wegbreek van die Bybel, aangesien hulle die Bybel as 'n doodgewone boek beskou wat net deur mense geskryf is om ons te vertel van hulle ervarings met God. Die nuwe hervorming erken nie meer die Bybel as die Woord van die lewende God nie. En as 'n mens eers die gesag van die Bybel verwerp het, kan jy enigiets doen. Jy kan selfs verklaar dat God dood is, dat Jesus nie God is nie, dat Hy nie uit 'n maagd gebore is nie en dat God nie sy Seun aan die kruis vir ons sondes geoffer het nie. Want nie een van hierdie dinge pas in by die moderne mens se verstand van die werklikheid nie.

Wie of wat het nou die hoogste gesag? Die mens met sy sondige verstand? As die mens nie iets met sy verstand kan verstaan nie, kan dit nie waar wees nie. Daarom is die openbaring van wie Jesus en God is, nie waar vir hierdie mense nie, want hulle kan dit nie met hulle verstand logies uitreken nie. Broers, susters en kinders, solank as wat die mens geloofsake net met sy verstand wil beredeneer,

sal hy dit nooit kan verstaan nie. As jy die Bybel in jou kop hou en verstandsgodsdiens wil beoefen, sal jy nie verstaan dat Jesus waarlik God is nie. Net hulle aan wie die Heilige Gees dit gee om in hulle hart te glo, sal begrip kan kry om te weet en te bely dat Jesus waaragtig God is. Jesus Christus is waarlik God ter wille van jou en my saligheid.

Laat ons daarom vashou aan die geopenbaarde waarheid wat die Here in sy Woord aan ons gegee het. Aan hulle wat aan God se waarheid vashou, sal die Heilige Gees die sekerheid gee dat hulle werklik deur Jesus Christus, die Seun van die lewende God van al hulle sondes verlos is. Laat ons ondanks die slim woorde van slim mense en die populêre woorde van 'n populêre mens onverswak bly bely dat Jesus die Christus is, die Seun van die lewende God. Slegs deur die geloof in Jesus Christus as die Seun van God is dit vir die sondaarmens moontlik om van sy sondes vrygespreek te word en die ewige lewe te verkry. Op hierdie rots bou Christus sy kerk en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 5-3:1, 2 (8:1, 2)

- 1 Aan U, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang! / Want U is waardig om die wonderboek te ontvang en oop te breek – die boek van toekoms en verlede / en van wat word, geskrif van Gods verborgenhede. U's waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is, / toe U as offer vir ons sondeskuld geslag is.
- 2 U 't van die hemel hoog op aarde neer wou daal, / en ons vir God gekoop uit alle volk en taal. Die losprys was u bloed, wat U vir ons gestort het, / waardeur ons, rein gewas, 'n priestervolk geword het en konings in die ryk van onverstoorb're vrede, / om God te dien en eer in eindlose ewighede.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
16 September 2012